Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

PhD Binne-argitektuur (12262009)

Duur van studie	2 jaar
Totale krediete	360

Programinligting

‘n PhD-student moet ’n proefskrif voorlê wat oor ’n onderwerp uit die binne-argitektuurdissipline handel en wat bewys lewer van gevorderde oorspronklike navorsing en/of kreatiewe werk wat ’n werklike en beduidende bydrae tot die kennis en/of praktyk van binne-argitektuur lewer.

‘n Student moet voor of saam met die indiening van die proefskrif minstens een konsepartikel vir publikasie aan ’n erkende joernaal voorlê. Die konsepartikel moet op navorsing vir die proefskrif gebaseer wees en vir die promotor aanvaarbaar wees.

Verwys na G Regulasies G.42 tot G.54.

Toelatingsvereistes

'n Kandidaat met 'n magistergraad in binne-argitektuur of die MSc (Toegepaste Wetenskap)-graad van die Universiteit van Pretoria, word tot doktorale studie toegelaat.

Addisionele vereistes

Die Departementshoof mag van ’n kandidaat, wat oor ’n gedoseerde magistergraad beskik, vereis om aanvullende modules voor die aanvang van studie te slaag.

Eksamens en slaagvereistes

'n Geskrewe of mondelinge doktorale eksamen **is verpligtend** en handel oor die inhoud van die proefskrif sowel as die vakgebied waarop die proefskrif gebaseer is.

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 360

Kernmodules

Proefskrif: Binne-argitektuur 990 (INT 990)

Modulekrediete	360.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Argitektuur
Aanbiedingstydperk	Jaar

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.